## TEKENS VAN HOOP

Wat het ’n olyfblaartjie, wolkie, ’n ster, ‘n kruis en ’n leë graf met mekaar **in gemeen**? In die Bybel is hulle almal **tekens van hoop**. Daar is **vandag nog** sulke tekens. **Sien** ons hulle raak? Of is ons net ingestel op dit wat negatief is? Is ONS tekens van hoop? Is ons besig om tekens van hoop **op te rig**?

Na afloop van die Koreaanse oorlog het Majoor (later Doktor) William Mayer 'n studie gedoen onder 1000 Amerikaanse Krygsgevangenes wat in Noord Koreaanse strafkampe aangehou is. Wat hom veral gefasineer het, is dat die Amerikaners in kampe aangehou is wat redelik goeie standaarde gehandhaaf het. Hulle is ook nie aan die gebruiklike martelingstegnieke van die tyd onderwerp nie. Om die waarheid te se is minder gevalle van marteling aangemeld tydens die Noord Koreaanse oorlog as in enige ander belangrike konflik in die geskiedenis. Maar Mayer se vraag was die volgende: *waarom het soveel Amerikaanse soldate steeds gesterf in die strafkampe*? Waarom het niemand eers *probeer ontsnap nie*, al was daar nie gewapende wagte rondom die kampe nie? En verder, waarom het die soldate *teen mekaar gedraai* en onder mekaar geveg, en mekaar so dikwels verraai? Self toe oorlewendes vrygelaat is en die kans gegun is om hul geliefdes tuis te bel, het bitter min belang gestel om dit te doen. En terug by die huis het die soldate geen onderlinge vriendskappe of kontak met mekaar in stand gehou nie.
Mayer het 'n gevreesde toestand *gediagnosee*r onder die soldate: **hopeloosheid**. Die soldate self het 'n naam gehad daarvoor: "*Give-up-itis*". Hierdie toestand het die **sterfsyfer** in Noord Koreaanse kampe tot 'n skokkende 38% laat styg – die hoogste syfer in Amerikaanse oorlogsgeskiedenis. Die ergste van alles was dat die meeste soldate **passief gesterf** het. Hulle het eenvoudig opgehou lewe. Waarom?
Mayer het agtergekom dat die Koreane meesters was in **sielkundige oorlogvoering**, en hulle het 'n dodelike wapen ontwikkel – 'n sielkundige wapen. Dit was eintlik eenvoudig: die Koreane se strategie was om die soldate die emosionele ondersteuning te ontneem wat kom vanuit interpersoonlike verhoudinge. Om dit reg te kry het hulle vier metodes aangewend:

- Informante
- Self-kritiek
- Dislojaliteit teen jou leierskap en land
- Weerhouding van alle positiewe emosionele ondersteuning.

Eerder as om soldate te straf was die strategie om hul teen mekaar te laat draai. Hulle is gedurig op die **negatiewe** gewys. Hul is gedwing om voor hul kamerade op te staan en te vertel watter slegte dinge hul gedoen het of gedink het, en watter goeie dinge hul nagelaat het.
Die ergste egter was dat enige positiewe invloed van die soldate **weggehou** is. Geen briewe of boodskappe van bemoediging. Wat wel aan hul gegee is, is aanmanings van rekening wat tuis nie betaal is nie, of briewe waarin tyding kom van dood, egskeiding of siekte tuis.
Die emosionele afsondering vanaf enige hoop of positiewe uitkoms was 'n wapen wat die sterkste soldaat gebreek het.
(e-kerk Manne Nuusbrief, Junie 2008)

BLAARTJIE
*“Noag was ’n regverdige man. Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby God geleef... Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld; Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot.”* So **begin** die verhaal van Noag. God maak aan Noag bekend dat Hy ’n einde gaan maak aan alle mense, maar sy en sy gesin se lewe sal spaar. Hy gee hom opdrag om ’n ark te bou. *“Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het.” (Gen* 6:22;7:5)
*“Die water het die aarde 150 dae lank oorstroom.”* (7:24) Vir 150 dae lank kon Noag maar net hoop dat God getrou is en sal woord hou. Nadat die reëns opgehou en die waters weer begin sak het, het Noag eers ’n **kraai** losgelaat. ’n Ruk later het hy  ’n duif losgelaat. *“Maar oral op die aarde was daar nog water en die duif kon nie ’n rusplekkie kry vir die holte van sy voet nie en het na Noag toe in die ark teruggekom.”*
*“Noag het toe nog sewe dae gewag en weer die duif uit die ark uit losgelaat. Teen die aand het die duif na hom teruggekom, nogal met ’n varsgeplukte olyfblaar in sy bek. Toe het Noag geweet dat die water op die aarde opdroog.”* (:10,11)
Daardie blaartjie was so goed as ’n **brief** of ’n **koerant** waarin daar met groot swart letters geskrywe gestaan het: Daar is hoop! Daar is lewe!  God is getrou! Hy gaan met ons ’n **nuwe begin** maak. Daar is vir ons ’n toekoms!
***Lees :13-17.***

WOLKIE
Eeue daarna het God ’n droogte in Israel gestuur wat omtrent drie jaar geduur het. Die toestande was later haglik en daar was hongersnood. Toe sÍ God vir sy profeet om vir die koning te gaan sÍ dat God weer reën sou stuur. Maar eers sou die volk weer moes kies vir wie hulle wou dien: Vir Hom of vir Baal. Nadat die volk op die berg Karmel vir God gekies het, het Elia vir Agab gesÍ: *“Gaan eet eers, want ek hoor al die gedruis van die reën.”* (1 Kon 18:41) Elia het toe eenkant gaan bid. Sewe keer het hy sy slaaf gevra om in die rigting van die see te gaan kyk of hy niks sien nie. Eers na die sewende keer het hy kom vertel dat hy ’n wolkie so groot soos ’n man se hand uit die see sien opkom.
Vir Elia was dit genoeg. Daardie wolkie was so goed soos ’n SMS wat sÍ: *“Daar is hoop! Die uitkoms is oppad. God is getrou aan sy beloftes!”* Hy het die slaaf dadelik na Agab toe gestuur met die boodskap: *“Span  in en gaan van die berg af, anders sal die reën jou vaskeer.”* (:44) Sy woorde was skaars koud, toe stortreën dit.

FLUISTERING
Kort daarna was die profeet in ’n grot. Die Here het gesÍ Hy wil hom daar ontmoet. Eers het daar ’n **sterk wind** verby gekom wat selfs die rotse gebreek het. Toe was daar ’n **aardbewing**. Na die aardbewing was daar ’n **vuur**. Maar die Here was nie in een van hierdie verskynsels nie. Toe kom daar ’n **fluistering in die windstilte** en TOE hoor hy die Here se stem. (19:12)
Ja, geliefdes, soms moet ons *fyn luister* en *mooi kyk* om God se tekens van hoop te hoor en raak te sien. Dit was nie almal wat destyds met Jesus se geboorte gesien het wat die **sterrekykers** raakgesien het nie. Jesus se **kruis**

was vir een misdadiger ’n teken van hoop – vir die ander was dit maar net nog ‘n kruis. Die **leë graf** het Maria eers uit ontsteltenis in trane laat uitbars. Nadat Jesus haar oë geopen het, het haar hoop weer opgevlam.
*Wat my laat wonder*:

VANDAG
**Sien ons die tekens van hoop vandag rondom ons raak?** Nou praat ek nie in die eerste plek van **massasaamtrekke** soos die op Angus Buchan se plaas die ander dag nie; of die optog teen misdaad na die **Uniegeboue** nie – dit ook. Ek is so bly oor **vanoggend se besoek**, want Hope House is so ’n teken van hoop sommer hier naby ons. Die **getuienis** van die dame wat eers ’n bergie was die ander Sondag is nog so ’n teken. Die gemeenskapsaal wat ons **in IY** help oprig het en dit wat daar gebeur, is nog een. So ook **Betesda** waar gestremdes in Houtbaai gehelp word. Ons hoor verhale wat ’n mens hoop gee uit **D P Marais** en van ons **sendelinge**. Ek is seker in u **eie lewe en vriendekringe** is daar sulke verhale: *Egpare* wat weer versoen is. ’n *Afgedwaalde* wat weer oppad terug is. *Uitkoms* in wat soos ’n doodloopstraat gelyk het. Soms is dit maar fluisteringe, ’n blaartjie hier en ’n wolkie daar, maar dit **bevestig** dat God lewe en getrou is, dat iets nuuts aan die gebeur is, iets positiefs, iets om oor bly en opgewonde en dankbaar te wees. **I**ets wat bevestig dat God ons nie gee wat ons verdien nie, want ons verdien die dood, maar dat Hy ons genadig is. (Honde wat kanker uitsnuffel)
Waar ons van sulke dinge bewus raak, moet ons dit vir ander **vertel**. Kom ons maak ’n punt daarvan – in ons groeigroepe, gesinne, werkplekke, skole. Dr Frederick Marais skryf in een van sy boeke: “*Dit is belangrik dat ons alle tekens van hoop wat ons in ons alledaagse lewe en verhoudings vind, sal koester en met mekaar sal deel”* (Leef luisterryk – vir vergaderings)
Maar behalwe om slegs **draers** van die boodskap van hoop te wees, kan ons self ook **tekens** van hoop **wees.** As ander sien hoedat die Here ons vernuwe en waardeur Hy ons dra en waartoe Hy ons in staat stel, kan dit hulle ook weer hoop gee. Mits ons natuurlik die eer aan God gee en nie voorgee dat dit ons is wat so oulik is nie!
Verder is dit ook nb dat ons as gelowiges individueel en gesamentlik as kerk tekens van hoop **sal oprig en ondersteun**. Ek dink bv ook aan instansies soos BADISA, inrigtings soos RAMOT en dan Hope House.
Deur dit alles is dit natuurlik nb dat mense **by die HJ** sal uitkom. Hy is ons Hoop. Alle hoop waarin Hy nie die sentrum is nie, is tydelik. Baie sal nie saamstem nie. Vir hulle is Hy soos ’n ou *blaartjie* in ’n duif se bek. Of soos ’n *wolkie* so groot soos ’n man se hand. Hulle kyk met minagting na die kruis. Hulle is skepties oor die leë graf.
Maar vir ons is Hy DIE teken van God se trou; van hoop en redding; van ’n nuwe begin! Al staan sy Naam nie elke dag in die koerant nie, is Hy die **Beste Nuus ooit**!

Amen.

Vrae:

1. Wat dink julle van die Koreane se metode – sal dit met jou werk?
2. Sien julle dalk tekens van “Give-up-itis”?
3. Watter tekens van hoop is daar vir ons vandag?
4. Besluit hoedat julle sulke tekens kan oprig en/of ondersteun
5. Lees en gesels oor 1 Kor 15:19
6. Kom ons maak ’n punt daarvan om elke week vir mekaar te kom vertel van tekens van hoop wat ons opgemerk het!